



GAUTENG PROVINCE
EDUCATION
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

PROVINSIALE EKSAMEN NOVEMBER 2023 GRAAD 11

**REKENINGKUNDE
VRAESTEL 1**

TYD: 2 uur

PUNTE: 150

11 bladsye + 1 formuleblad en 'n 8-bladsye antwoordboek

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDBOEK word voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. 'n FORLUMEBLAD met finansiële aanwysers word agter in hierdie vraestel verskaf.
4. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.
5. Jy mag 'n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Waar van toepassing, toon alle berekeninge tot EEN desimale punt.
8. Leerders sal punte verbeur vir:
 - Die gebruik van nie-gestandaardiseerde afkortings
 - Die oorskryf van syfers of woorde
 - Oorbodige/Vreemde inskrywings
9. Skryf netjies en leesbaar.
10. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

VRAAG	ONDERWERP	PUNTE	TYD IN MINUTE
1	AARP & Vaste Bates Nota	30	24 minute
2	Inkomstestaat	45	36 minute
3	Balansstaat	50	40 minute
4	Ontleding en Vertolking	25	20 minute
	TOTAAL:	150	120 minute

VRAAG 1: GAAP & VASTE BATE NOTA

(30 PUNTE; 24 MINUTE)

1.1 KONSEPTE

Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs WAAR of ONWAAR langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

- 1.1.1 Drawaarde is die oorblywende waarde van 'n bate nadat dit ten volle gedepresieer is.
- 1.1.2 AARP maak dit moontlik om die finansiële resultate van verskillende maatskappye te vergelyk.
- 1.1.3 Die wesenslikheidsbeginsel bepaal dat alle inkomste verdien, en uitgawes aangegaan, vir dieselfde finansiële tydperk getoon moet word.
- 1.1.4 Opgehoopte waardevermindering is 'n uitgawe.
- 1.1.5 Waardevermindering is 'n negatiewe bate. (5)

1.2 VASTE BATE NOTA

GOODY SKOENHANDELAARS

Jy word voorsien van die volgende inligting uit die rekords van Goody Skoehandelaars. Die finansiële jaareinde is 31 Desember 2023.

GEVRA:

- 1.2.1 Bereken die totale waardevermindering op toerusting vir die jaar geëindig 31 Desember 2023. (4)
- 1.2.2 Voltooi die Vastebateregister vir die voertuie wat verkoop is. (5)
- 1.2.3 Bereken die waardevermindering op die ou voertuie vir die jaar geëindig 31 Desember 2023. (4)
- 1.2.4 Voltooi die Vaste Bate Nota tot die Finansiële State op 31 Desember 2023. (12)

INLIGTING:
A. Uittreksel van 'n Vooraansuiweringsproefbalans van Goody Skoenhandelaars.
Lys van saldo's op 31 Desember 2023

Voertuie	2 680 000
Toerusting	810 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	1 060 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	240 000

B. Toerusting

- Nuwe toerusting met 'n kosprys van R120 000 is aangekoop op 1 Oktober 2023. Geen inskrywings is gemaak nie.
- Toerusting word gedepresieer teen 20% p.j. deur die kosprysmetode te gebruik.

C. Voertuie

- Een van die afleweringsvoertuie is op 1 Julie 2023 vir R190 000 verkoop. Die voertuig is op 1 Julie 2021 vir R320 000 gekoop.
- Voertuie word gedepresieer teen 10% p.j. deur die verminderde saldo-metode te gebruik.

30
VRAAG 2: INKOMSTESTAAT
(45 PUNTE; 36 MINUTE)
PLUMSTEAD HARDEWARE

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Plumstead Hardware. Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2023 en hulle gebruik die deurlopende voorraadstelsel.

GEVRA:

Stel die Omvattende Inkomstestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023 op.

(45)

INLIGTING:
Vooraansuiweringsproefbalans op 28 Februarie 2023

Balansstaat Rekeninge Afdeling	Debiet	Krediet
Vaste deposito: Prosper Bank	50 000	
Voertuie	200 000	
Kapitaal		538 610
Onttrekkings	280 080	
Toerusting	56 000	
Opgehoopte waardevermindering: Voertuie		75 000
Opgehoopte waardevermindering: Toerusting		23 100
Handelsvoorraad	352 800	
Debiteurekontrole	35 600	
Voorsiening vir oninbare skuld		1 086
Bank	111 996	
Wisselgeld	1 052	
Lening: ABSA		90 000
Krediteurekontrole		45 170
Nominale Rekeninge Afdeling		
Verkope		1 797 600
Koste van verkope	1 027 200	
Debiteureafslag	9 860	
Huuruitgawe	59 850	
Advertensies	10 800	
Skryfbehoeftes	3 490	
Salarisse en lone	324 000	
WVF-bydraes	3 240	
Oninbare skuld	5 670	
Oninbare skulde verhaal		1 342
Versekering	10 560	
Water en elektrisiteit	17 724	
Telefoon	12 336	
Korting ontvang		2 340
Korting toegestaan	1 990	
	2 574 248	2 574 248

A. Aansuiwerings en addisionele inligting

- (i) Op 27 Februarie 2023 het 'n debiteur, L. Abbas, goedere met 'n verkoopprijs van R1 575 teruggegee. Die besigheid gebruik 'n winsopslag van 75% op die kosprys van goedere.
- (ii) Die eienaar, F. Madhi, het handelsvoorraad met 'n kosprys van R1 300 vir persoonlike gebruik geneem.
- (iii) Geen inskrywings is gemaak met betrekking tot voorraad wat op 3 Februarie 2023 gesteel is nie. Die versekeringsmaatskappy het Plumstead Hardeware ingelig dat hulle R9 600 in die besigheid se bankrekening oorgeplaas het ten opsigte van die versekeringseis. Plumstead Hardeware dra 20% van die voorraadverlies.

- (vi) Op 28 Februarie 2023 is 'n fisiese voorraadtelling gedoen. Dit het getoon dat die volgende voorhande is:
- (a) Handelsvoorraad, R340 740
(b) Skryfbehoeftes, R480
- (v) Verskeie debiteure het lank agterstallige rekeninge gehad. Die vennote het besluit om rekeninge van altesaam R3 425 af te skryf.
- (vi) Die voorsiening vir oninbare skulde moet aangesuiwer word tot 3% van uitstaande skuld.
- (vii) Huuruitgawe word een maand vooruit betaal. Die huur is verhoog met 10% p.j. op 1 Januarie 2023.
- (viii) Op 1 Januarie 2023 is 'n bedrag van R720 betaal vir die plasing van 'n advertensie vir die eerste drie maande van 2023.
- (ix) Die volgende rekeninge was nog betaalbaar op 28 Februarie 2023:
- (a) Water en elektrisiteit, R1 098
(b) Telefoon, R662
- (x) 'n Werknemer, Mnr. Martha, is uit die Februarie 2023-salarisjoernaal weggelaat. Sy salaris is soos volg:
- Netto salaris R10 500
Aftrekkings R1 500
WVF-bydrae 1% van sy netto salaris
- (xi) Die volgende inligting het verskyn op die Bankstate wat van Nedbank ontvang is:
- Diensgelde, R1 120
 - Internetbankfooie, R320
 - Rente op oortrokke rekening, R170
- (xii) Die volgende verklaring is van Prosper Bank ontvang met betrekking tot die vaste deposito:

Saldo op 1 Maart 2022	R50 000
Rente gekapitaliseer	?
Saldo op 28 Februarie 2023	R53 250

- (xiii) Maak voorsiening vir waardevermindering van R13 987.

VRAAG 3: BALANSSTAAT
(50 PUNTE; 40 MINUTE)
3.1 KONSEPTE

Pas die konsep in KOLOM A by die voorbeeld in KOLOM B. Skryf slegs die letters (A – E) langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Lopende saak	A	Het die vennootskap genoeg bates om alle skuld te dek?
3.1.2	Solvabiliteit	B	Ontleding van die finansiële posisie van die vennootskap
3.1.3	Balansstaat	C	Die vennootskap wys handelsvoorraad ter waarde van R60 000 in die Balansstaat, al beplan hulle om volgende maand 'n uitverkoop te hou. Die voorraad sal dan vir R40 000 verkoop word.
3.1.4	Likiditeit	D	Die vennootskap moet dieselfde voorraadstelsel van een finansiële jaar na 'n ander gebruik.
		E	Is die vennootskap in staat om alle korttermynskuld te betaal?

(4)
3.2 HOPPITY POPPITY HANDELAARS
GEVRA:

Berei die Ekwiteit en Laste-afdeling van die Staat van Finansiële Posisie voor op 28 Februarie 2023. Toon al die berekeninge met betrekking tot die notas tussen hakies.

(21)

INLIGTING:

Die volgende saldo's het onder andere in die Algemene Grootboek van Hoppity Poppity Handelaars op 28 Februarie 2023 verskyn.

Kapitaal: Hoppity (1/03/2022)	200 000
Kapitaal: Poppity (1/03/2022)	170 000
Privaatrekening: Hoppity (Debiet)	1 690
Privaatrekening: Poppity (Krediet)	10 360
Lening: ABSA Bank (12%)	40 000
Handelsvoorraad	58 040
Debiteurekontrole	70 000
Opgelope inkomste	3 000
Wisselgeld en kleinkas	7 000
Krediteurekontrole	24 070
SARS: LBS	3 500
Bank oortrokke	?
Pensioenfonds	500
Vooruit ontvangde inkomste	700

A. Aansuiwerings en addisionele inligting

- (i) Op 28 Februarie 2023 het Poppity toerusting ter waarde van R30 000 bygedra om haar kapitaalbydrae gelyk te maak. Hierdie inskrywing is nie aangeteken nie.
- (ii) Die volgende staat is van ABSA Bank ontvang met betrekking tot die lening:

Saldo op 1 Maart 2022	R49 000
Terugbetaling insluitende rente	12 000
Rente gekapitaliseer	?
Saldo op 28 Februarie 2023	R40 000

Die onderneming sal dieselfde kapitaalgedeelte van die lening in die volgende finansiële jaar as die huidige jaar, afbetaal.

- (iii) Die bedryfskapitaalverhouding is 2 : 1.

3.3 IRONMAN SPEELGOEDWINKEL

Die volgende inligting is uit die rekeningkundige rekords van IronMan Speelgoedwinkel geneem. Die winkel is 'n vennootskap tussen Mnr. Iron en Mnr. Man.

GEVRA:

Berei die lopende Privaatrekening Nota voor soos dit in die aantekening tot die finansiële state vir die jaar geëindig 28 Februarie 2023 sal verskyn.

(25)

INLIGTING:
A. Die volgende saldo's het op 28 Februarie 2023 in die grootboek van IronMan Speelgoedwinkel verskyn.

Kapitaal: Iron	R360 000
Kapitaal: Man	R760 000
Privaatrekening: Iron	R2 300 (DT)
Privaatrekening: Man	R4 500 (KT)
Onttrekkings: Iron	R25 000
Onttrekkings: Man	R30 000

B. Addisionele inligting:

- (i) Iron het voorraad ter waarde van R35 000 geneem. Dit is in sy persoonlike hoedanigheid aan 'n plaaslike liefdadigheidsorganisasie geskenk.
- (ii) Op 1 Maart 2022 het Iron sy kapitaal met R175 000 verhoog. Geen inskrywing is vir hierdie transaksie gemaak nie.
- (iii) **Die vennootskapsooreenkoms het die volgende bepaal:**
 - Vennote is geregtig op rente teen 15% p.j. op hul kapitaalsaldo aan die einde van die finansiële jaar.
 - Op 1 Januarie 2022 het Iron 'n 10% verhoging op sy maandelikse salaris van R26 500 ontvang. Geen verdere verhogings is gegee nie.
 - Man se salaris vir die jaar het R425 000 beloop.
 - Aan die einde van die finansiële jaar het slegs Man 'n bonus gelykstaande aan 12% van sy jaarlikse salaris ontvang.
 - Yster en Man het die oorblywende winste of verliese in die verhouding 3 : 2 gedeel.
- (iv) Yster het aan die einde van die finansiële jaar 'n bonus van R12 000 ontvang.
- (v) Man se gedeelte van die finale verdeling van die wins het R125 000 beloop.

VRAAG 4: ONTLEDING EN VERTOLKING
(25 PUNTE: 20 MINUTE)
NOTA KLEREBOETIEK

Jy word voorsien van inligting met betrekking tot Nota Klereboetiek vir die jaar geëindig 31 Desember 2023, tesame met vergelykende syfers vir 2022. Die besigheid word besit deur vennote, Nombeko en Thandi.

GEVRA:

- 4.1 Bereken die volgende finansiële aanwysers vir 2023. Toon alle berekeninge en rond jou antwoord af tot een desimale plek waar nodig.
- 4.1.1 Persentasie bedryfsuitgawes op omset (2)
- 4.1.2 Vuurproefverhouding (4)
- 4.1.3 Skuld-ekwiteitverhouding (3)
- 4.1.4 Persentasie opbrengs op gemiddelde vennotebelang (4)
- 4.2 Lewer kommentaar oor die likiditeitsposisie van die onderneming vir 2023. Haal EEN finansiële aanwyser en syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)
- 4.3 Die besigheid het hul beleid met betrekking tot die winsopslag van 2022 tot 2023 verander. Wat was die verandering in beleid? Wat is die risiko's in verband hiermee en watter effek het hierdie verandering op die besigheid se inkomste gehad? (4)
- 4.4 Het die besigheid goeie beheer oor hul uitgawes? Haal EEN finansiële aanwyser en syfers aan om jou antwoord te staaf. (4)

INLIGTING:
Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste:

	2023	2022
Omset	3 213 000	3 004 400
Koste van verkope	2 142 000	2 146 000
Bedryfsuitgawes	512 640	520 000
Rente op lenings (14% p.j.)	53 200	70 000
Netto wins	505 160	279 376

Uittreksel uit die Staat van Finansiële Posisie:

	2023	2022
Nie-bedryfsbates (vaste bates)	647 200	631 000
Bedryfsbates	430 560	262 300
Voorraad	357 660	175 600
Handels- en ander debiteure	31 700	29 800
Kontant en kontantekwivalente	41 200	56 900
Vennotebelang	496 610	273 500
Nie-bedryfslaste (Lenings)	380 000	500 000
Bedryfslaste	201 150	119 800

Finansiële aanwysers:

	2023	2022
Persentasie bruto wins op koste van verkope	50%	40%
Persentasie bedryfsuitgawes op omset	?	17,3%
Bedryfskapitaalverhouding	2,1 : 1	2,2 : 1
Vuurproefverhouding	?	0,7 : 1
Vorraadomsetkoers	8 keer p.j.	12,2 keer p.j.
Vorraad hou tydperk	45 dae	30 dae
Debiteure-invorderingstydperk	34 dae	36 dae
Krediteure betalingstydperk	30 dae	30 dae
Skuld : Ekwiteitsverhouding	?	1,8 : 1
Persentasie opbrengs op vennote se ekwiteit	?	102,1%

GRAAD 11 REKENINGKUNDE FORMULEBLAD MET FINANSIËLE AANWYSERS

$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Totale verdienste deur vennoot}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins}}{\text{Gemiddelde eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$	
Bedryfsbates: Bedryfslaste	Bedryfsbates – Voorraad: Bedryfslaste	
Handels- en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente: Bedryfslaste		
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$ of $\frac{12}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Krediet aankope of Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ of $\frac{12}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde voorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$ of $\frac{12}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde voorraad}}$	
Nie-bedryfslaste: Eienaarsbelang	Totale bates: Totale laste	
$\frac{\text{Totale vaste koste}}{\text{Verkoopprijs per eenheid} - \text{Veranderlike koste per eenheid}}$		